ROEPING & RIGLYNE

TERMYNBLAD VAN DIE VERENIGING
VIR CHRISTELIKE HOËR ONDERWYS

ISSN 1029-8754

Jaargang 71 Nr. 3

4de Kwartaal, 2023

70
2019

Die fisiese en geestelike beskerming van die kinders en jongmense van ons volk

IN DIE SKRIFLIG

Meer as oorwinnaars

Romeine 8:31-39

Calvyn

***Maar in al hierdie dinge is ons meer as oorwinnaars deur Hom wat vir ons liefhet* – Romeine 8:37.**

Elkeen van die dinge waarvan ons pas gepraat het, grief ons almal van nature vanweë die ingebore onaangenaamheid daarvan. Daarom openbaar die gelowige sy standvastigheid daarin dat hy nogtans onverskrokke weerstand bied en hom daaraan ontworstel. Ek bedoel: dat hy só optree al voel hy ook baie sleg, en hoe bitter hy ook al ly. Daaruit blyk sy geduld: as hy, nieteenstaande swaar beproewinge, deur die vrees van God in toom gehou word en nie onbeheers optree nie. En daarin skitter sy blymoedigheid: as hy, geteister deur droefheid en smart, in die geestelike vertroosting van God rus vind.

Die gelowiges voer stryd teen die natuurlike gevoel van smart wanneer hulle hul op die beoefening van geduld en matigheid toelê. Dit het Paulus sprankelend met dié woorde beskryf: “In alles word ons verdruk, maar ons is nie teneergedruk nie, ons is verleë maar nie radeloos nie; vervolg, maar nie verlate nie; neergewerp, maar nie vernietig nie” (2 Kor. 4:8-9). U merk dat om die kruis geduldig te dra nie beteken om geheel en al ongevoelig te word en om vir alle smart afgestomp te raak nie.

Die Stoïsyne van ouds het hulle heldefiguur op dwase wyse beskryf as iemand wat sy menslikheid afgelê het: in teëspoed en voorspoed, in treurige en vrolike omstandighede bly hy in dieselfde stemming. Ja, soos ’n klip word hy deur niks ontroer nie. En wat het hulle met dié soort wysheid bereik? Wel, hulle het ’n beeld van geduld geskilder wat nog nooit by mense voorgekom het nie, en ook nie kan voorkom nie. Ja, hulle het selfs die bekoring van geduld uit die menslike lewe weggeneem, deur dit te streng te wil afbaken.

Inst. III, 8 en 9

Gebed: Verhoogde Heiland, ons bid dat ons U in smart en vreugde meer gelykvormig sal word.

IN HIERDIE UITGAWE

In die Skriflig: Meer as oorwinnaars	bl 2
Redaksioneel	bl 3
Konferensie oor veiligheid en verset	bl 4
Bedreiging teen die fisiese en geestelike welstand van ons kinders/jongmense	bl 7
Mediaverklaring deur die Vereniging vir Christelike Hoër Onderwys	bl 10
Mymeringe oor die lewe	bl 11
’n Gedragsorde vir Christen-onderwysers	bl 13
Christelike onderwys: Die skoolbeheerliggaam se mandaat as beelddraers van God	bl 16

Redaksioneel

Hugo Hayes

Na aanleiding van die Konferensie oor veiligheid en verset, wat vroeër die jaar in Pretoria plaasgevind het, word spesifieke bydraes daaroor in hierdie uitgawe opgeneem. Verder bevat dit ook bydraes oor die betekenis van die lewe in Bybelse sin en oor die onderwys as sodanig. Die bydraes oor veiligheid en verset is veral aan die adres van die ouer gerig, met die oog op besluitneming en optredes wat nodig sal wees in die heersend onbenydenswaardige situasie waarin die openbare onderwys te staan gekom het. Dié oor die onderwys is oorwegend op die onderwyser in sy/haar roeping ten opsigte van die Bybelse kulturele mandaat wat ook op die onderwys as sodanig van toepassing is, afgestem.

Hierdie uitgawe verskyn in ’n tyd waarin die stand van onderwys op die voorgrond geplaas word. Eerstens, deurdat die onderwys van Suid-Afrika deur die sogenaamde ‘Bela’-wetgewing onder ernstige bedreiging gekom het, wat die onderwysgemeenskap in sy geheel raak. Dit is nie slegs die skool as instelling nie, maar ook die religieuse en lewensbeskoulike voortgang daarvan, wat ingrypend geraak word; nie net die posisie van die ouer nie, maar ook ons kinders en jongmense vanweë die rigting waarin die onderwys gedwing gaan word, deur ongeoorloofde inmenging deur die staatsowerheid. Tweedens, deurdat die onderwyslandskap die afgelope dekades sodanig verander het dat daar nie werklik meer, wat die openbare onderwys betref, vir die Christelike fundering en ter vergestalting van die historiese en kulturele eiendomlike van die Afrikaner ruimte bestaan nie.

Tydens die konferensie is standpunte gestel, teen die agtergrond van die bedreiging op meer as een terrein van ons samelewing, met inbegrip van die onderwys. Benewens dat die staatsowerheid deur bedenklike wetgewing in ’n posisie wil kom dat dit op die magte en bevoegdhede van die ouerhuis en skool inbreuk sal kan maak, met uiters negatiewe gevolge, is die kernvraag, teen die agtergrond daarvan, hoe dit met ons as kerkvolk gesteld is, spesifiek wat ons verantwoording teenoor God-Drieënig en ons volk betref? Tot welke mate is ons geestelik en fisies paraat om die bedreigings die hoof te kan bied? Wat staan die Christen-Afrikaner te doen in heersende omstandighede?

In twee bydraes word belangrike perspektiewe gestel oor ons kulturele en morele mandaat, sover dit die inrigting van die onderwys en die plek van die onderwyser betref. Die implikasie van wat gestel word is dat die ouer en onderwyser in die uitvoering van hulle Christelike roeping en taak bereid sal moet wees om beslissings te neem, wat as versetoptrede teen die

kaping van die onderwys deur ’n onchristelike regerende party sal neerkom. Ouers en onderwysers word gevolglik gekonfronteer met die dwingende kwessie van verset vanuit ’n Christelike perspektief gesien. Daar sal besluite en optredes geneem moet word wat sal verseker dat die onderwys van Christen-Afrikanerkinders aan die vereistes van die verbondsbeloftes beantwoord.

In hierdie opsig word die onderwysgemeenskap derhalwe daarop attent gemaak dat ‘n konferensie oor die onderwys vir vroeg in 2024 in vooruitsig gestel word. Onderwysliggame in ons volkslewe wat hulle vir die saak van Christelike onderwys beywer, sal gevra word om referate te lewer. Die voorlopige datums is 5/6 April te Pretoria en nadere besonderhede sal d.m.v. die sosiale media bekend gemaak word. Ouers en onderwysers word nou reeds tot deelname uitgenooi.

Grondslag van die VCHO

Ooreenkomstig die Calvinistiese Hervorming: die Heilige Skrif as die onfeilbare, geïnspireerde Woord van God, in sy geheel en in al sy dele.

Konferensie oor veiligheid en verset

Opening: 9 September 2023, Ds A Appelgryn

Gebed Skriflesing: 1 Korinthiërs 10:1-13

Ons is onveilig en ekonomies in die moeilikheid. Oral word na uitkoms gesoek:

Ons word regeer deur ’n Demonekrasie, waar ’n staatsleier en sy aanhangers hulleself verryk ten koste van die mense ... Waar sal ons Uitkoms wees?

Die vraag is: Wat gebeur wanneer die volk die Weg, die Wil en Wet van God verlaat? God word verlaat! En ’n volk wat nie meer Godvresend leef nie, word deur vreesagtigheid oorval. Regskapenheid kom nie meer tot sy reg nie. Gevolglik neem die arrogansie van die heiden/ goddelose, hand oor hand toe!

Wat doen die Here wat jaloers is op sy Eer? Hy tugtig en dissiplineer sy volk!
Sodat respek en vrees terugkeer tot Hom en sy Wet.
As dit nodig is sal Hy ons voor ons vyande verneder.
Hy stuur ons op die beproefde weg om daardeur ’n wyse hart te bekom!

Die Hoop beskaam nie: Ons wil beter en sterker anderkant uitkom, veral in tye van nood ... Die Here sien ons tekortkominge! Hy ken ons mislukkings en swakhede ... Maar wat vir Hom saak maak: Is gehoorsaamheid en geloof.
Dit gee standvastigheid en sekerheid!
Veiligheid en verset kan dus net setel en begrond word in God se getrouheid ...
Hy kom sy beloftes na: Hy is daar om sy kinders op te tel as ons struikel en val!

So stap ons almal die weg van die mens, die weg van Verganklikheid:

Daarin kan ons die Here nie bevraagteken nie ... Dit is Hy wat ons tye in sy Hande hou ... Daarom het ons geen keuse nie, ook in hierdie dag, om die Weg te soek wat die Here ons in sy Woord wys en leer, en nie daarvan af te wyk nie.

Dit is waar veiligheid en verset begin en eindig. In Gehoorsaamheid en Geloof:

Te weet dat krag en sterkte van Hom is wat die lotgevalle van nasies bepaal, en nie uit onsself nie. Dat Hy jou Leëraanvoerder is ...
Dat ons ook ons kinders hierin moet opvoed om dieselfde te ken en te doen! Ja, ook die opkomende geslag sal daarin onderrig moet word:
Sal ons anders dan wonder wat het van ons jongmense geword?
Waarom loop Kerke in die Ware Gereformeerde Leer nou teen ’n tempo leeg?
Sal ons wonder wat het van hulle geword as ons hulle vir die vyand gee om groot te maak?
Die vyand wat die Here van die Leërskare veragtelik maak met Evolusie-leer, Transgenderisme en Sodomisme ... Met dinge wat nie die weg van Godvresendheid aandui nie, maar ’n gruwel in Gods oë is?

Dinge wat beslis nie lei tot verootmoediging en bekering nie!

Sal ons die Here onse God toets/ beproef in ons omgaan met wêreldse dinge: Wat daartoe lei dat ’n volk identiteitloos raak, omdat hy nie meer sy plek voor sy Skepper ken nie. En ons verval in mumerering en klagtes. Verval in neerslagtigheid en selfmoordneigings? Meer en meer begerig na dinge wat God nie vir sy uitverkore volk bedoel nie:
Almeer oorgegee aan virtuele verslawing. Verslaaf aan dwelms en pornografie ...

Dinge wat ontvlugting bied weg van die Heilige teenwoordigheid van God?

En dan getref te word deur die werklikheid van die Regverdige God: Wat die sonde straf en ook aan ons kinders besoek, wat Hom nie ken en liefhet nie ...
En ons ons lewens val uitmekaar, want die Evangelie van Verlossing word nie meer gesoek in Christus alleen nie, maar in allerhande menslike teorieë:
In die mens se gene, nuwe gesigte en openbaringe, in stryd met Gods Woord.

My volk gaan ten gronde weens gebrek aan Godgegewe kennis en wysheid:

Predikante en leraars het nie meer die waarheid van Gods Woord op hulle lippe waarin hulle die volk moet onderrig nie. Nee, die volk verlaat hulle op skouspeles wat hulle moet vermaak en begeester om goed te voel oor hulleself ...
En die geldgod en sportgod gee die toon aan van wat gebeur in ons gesins- en familie-lewe. En Christus se Bruid en God se Huis lê in puin!

En dan hoop ons op redding om vredevol en veilig te kan leef en werk?

Altyd gereed om eers ander te beskuldig vir die moeilikheid wat ons deur ons eie ongehoorsaamheid oor onsself gebring het ... En dit raak vir ons al moeiliker om God wat selfs sy engele aangaande ons stuur in alles te vertrou!

In die proses val die verhouding met ons Verlosser en Here uitmekaar:

Verhoudinge met Volksgenote, ons huwelike, tussen ouers en kinders ...
Hierdie geslag en die volgende so verwyderd van mekaar, dat die oordrag van die waarheid van Gereformeerde beginsels nie meer plaasvind nie!

En die maatstaf van of dit voorspoedig gaan in ons lewe word bepaal deur:

Groter Platskerms in die sitkamer, die nuutste 4 by 4 in die motorhuis, die swaarste jaggeweer in die kluis. Nie meer die versugting van Godvresende manne wie se optrede 'n voorbeeld is van geloofsleiers wat alles in die stryd werp om hulle naggeslag saam met hulle in Gods se Ewige Koninkryk te hê nie.
Wat is ons Toekomsverwagting? Waarvoor sal ons strydend wees?

Dank die Here: Hy bly getrou ... Hy hou sy beloftes!

Kan ons elkeen die vraag antwoord: Wanneer is die laaste keer wat jy jou huis stilgemaak en vir jou geliefdes Bybel gelees en gebid het? Saam met hulle in die Kerk gesit en na ware en suiwer Woordverkondiging geluister het, sonder om vermaak te wil word en goed te voel oor jouself? Het jy vrymoedigheid om in 'n verbondsgemeenskap die Here se sakramente te gebruik? Stel jy jouself onder die toesig en tug van 'n Ouderlingeraad, wat hulle Godgegewe roeping uitleef en tot verheerliking van God sy Kerk regeer, tot heil van die gemeente en behoud van die sondaar? Ja, na beide kante toe sny die swaard en sal die skale gelyk moet weeg in Kerk en samelewing!

Ons wil regmaak vir verset, terwyl ons reeds in oorlog is: Is jy reeds deel van die stryd tussen Christus en Satan? Deel van die stryd teen die wêreldheersers van die duisternis van hierdie eeu, teen die bose geeste in die lug? Hoe vertroud is jy met die volle Wapenrusting van God sodat jy staande kan bly in die dag van stryd, in die dag van nood?

Ken jy die Geloofsbeginsels waarop die Gereformeerde leer staan?

Die Wekroep van die Hervorming: Die waarheid van die Skrif alleen! *Deur genade in geloof in Jesus Christus alleen... Tot Eer en Lof van God alleen!*
Leer ons ons kinders die Drie Formuliere van Eenheid, soos wat die Moslem sy kind die Koran leer? Ken jy hierdie wapens? Weet jy hoe om hulle te gebruik?

Ons wil regmaak vir verset en die manier waarop ons die stryd wil aanpak:

Is deur losbandigheid en groeperings en denominasies wat die Kerk van Christus en die verkondiging van die Woord en die Bybel in diskrediet wil bring, om nie te praat van sg. nuutgevonde Gesigte, visioene en openbaringe nie ... Ja: As dit so aanhou, moet ons nie wonder hoekom ons grootste stryd ... teen mekaar en teen God is nie!

Die Here het hierdie Afrikaner-volk saamgebring uit verskillende Dietse volkere: En ek is seker Hy wil hê ons moet een volk, een van sin en Gees wees. God het sy Woord en Wet gegee om ons saam te snoer: Een hartsgesindheid, geloof in dieselfde beloftes wat ons hoop moet gee: As ons maar net kan staak met eiewillige godsdiensbeoefening ... Terugkeer met hart, siel en verstand na Hom, sy Woord en Belydenis.

Ons moet die vraag kan antwoord: *Hoe weet ons die vuur in ons bloed vandag: Is deur ons eie trots OF deur Gods Gees daar geplaas?*

Die tyd is daar wat ons weer na die eise van die tyd, Bybelse beginsels vasmaak: En ook ons kinders daarin moet opvoed en onderrig!!
Soos in die gees van ons Protestantse voorvaders wat Godvresendes was: En 'n Saak en Doel beliggaam het wat baie groter was as hulleself!

God beveel ons om sy Woord te gehoorsaam, sodat ons die lewe kan hê: Hoekom sal ons die stryd teen die vyand betree? Hoe sal ons God daarin eer? Daar is net een antwoord: Deur Gods geregtigheid in ons gesinslewe en volkslewe tot stand te bring. Want sonder geregtigheid kan daar geen vrede wees nie! En God beveel ons om vrede in geregtigheid te bewerk!

En vrede was nog nooit die beloning van hulle wat vrede probeer bewerk het: Deur te onderhandel met geweldadige goddeloses nie (Piet Retief en Codesa).
Want die geweldenaar en die korrupte het geen rede om vrede/orde te begeer nie. Daarom het die Godvresende 'n plig om geregtigheid op alle terreine uit te oefen teenoor hulle wat wetteloos, optree. Die Godvresende het 'n plig om 'n begeerte in hulle wat nie vrede begeer nie, in te tug! Dit begin by huis en volk!

Die swaard kan nooit in eie ydelheid en verwaandheid opgeneem word nie:

Elke regering word deur God gerig en sal aan Hom verantwoording doen vir hulle dade. En hulle wat moordenaars, misdadigers en Verbondsbrekers is, is nie verteenwoordigers van enige regering nie ...

Vervolg op volgende bladsy

Die wet sê: J*y mag nie moord pleeg nie, jy mag nie steel nie, nie egbreek nie ...*
Jy mag nie valse getuienis aflê nie ... Eer jou vader en jou moeder.
Jy moet die Here jou God liefhê, met jou hele krag, siel en verstand ... en jou naaste soos jouself ...
Die vraag is: Waar sien jy jouself hierin?

Wanneer Gods geregtigheid nie beoefen word nie, kan daar nie vrede wees nie, en sal ons kinders geen vrede en vryheid ken nie.

Met die donkerste uur wat 'n volk in die gesig staar: Wat staan ons te doen? Die Wet van God verontagsaam om die wette van mense te gehoorsaam? God versaak om jou eie lewe te red?

Elke man hier moet besluit:

Jy kan nie iets doen wat teen jou gewete indruis nie, want God praat met die mens deur sy gees en in sy gewete. En die Heilige Gees ken dinge wat die mens in sy leeftyd nie kan deurgrond nie.

Elke man gaan sy hart voor God moet ondersoek en homself afvra:

Wat is die regte ding om te doen in hierdie dal van doodskaduwee? Gaan ons soos die res van die mensdom: Humanisme en wêreldliefde gebruik, om ons vrees vir God te verberg? Dit is erger om jou siel te verloor ter wille van wêreldse genot/gemak as om jou lewe te verloor ter wille van Christus!

Baklei vir die regte redes of gaan huis toe! As 'n man nie baklei vir die reg om te kan glo en God te eer en jou nageslag daarin op te voed nie, waarvoor sal jy dan baklei? Ons worsteling is tussen wêreldse verloklikheid en jou kruis op te neem, jouself te verloën en Christus te volg ...

Dink ons 'n paar ekstra jare hier op aarde is meer werd as die ewige lewe?

Die mens wat die werke van die vlees hoër ag, sal daardeur vasgeketting, word: Wat vasgeketting word, behoort aan die tydelike lewe. Die res behoort aan God! *Nie deur krag of geweld nie, maar deur my Gees, sê die Here van die Leërskare ... Want wie verag die dag van klein dinge, terwyl die sewe oë van die Here die ganse aarde deurloop?* ... (Sag. 4:6,10).
Is ons so soekend na die teenwoordigheid van God in ons lewe?

Dit beteken dat enige vesting, ook die die bolwerk van Satan, oorwin word:

As dit een tree op 'n slag in die Krag/Gees van God gedoen word. Elke duimbreedte wat vir Christus reeds gewin is, kan slegs behou word, as die Godvresende aanhou volhard en vorentoe gaan! Een tree op 'n slag op die pad van Bekering. Op die Gereformeerde Pad van herstel ... Terug na die waarheid van Gods Woord in ons Kerke en samelewing!

Ware Geloof kan nie deur vrees vernietig word nie!

En ook ons kinders moet weerbaar gemaak word vir die stryd wat voorlê... Want die wêreld is 'n plek gevul met konflik en verwarring: Maar elke Godvresende kan dit vul met hoop en wysheid en geloof en oorwinning, wanneer ons na die Here soek met ons hele hart!

Die vraag is waarmee is jy besig in jou binnekamer? Waar is jou hart?

Is die volkse manne nog net manne op die Rugbyveld, die jagveld, kroeë en bordele, of manne buigend in verootmoediging onder die kragtige hand van God? Ons wil hê die Here moet ons Leëraanvoerder wees, maar ons veg volgens ons eie reëls ... Wanneer laas het jy 'n gesprek oorgeneem en te veel gepraat, omdat jy die Waarheid van Gods Woord wou deel met hulle rondom jou? Die behoefte ervaar het om Gods eer te verdedig en te verkondig?

Ons wil die stryd aanpak met God as ons Leëraanvoerder:

Maar ons kom nie uit die wegspringblokke nie, want die kettings van boesemsondes keer dat ons vrymoedig tot God kan nader ... En vroue word al sterker ... Hulle neem die leiding in Kerk en Samelewing oor ... Want die Satan weet hoe om die man te ontman van sy Godgegewe roeping! Mans onttrek almeer van dinge wat saak maak: Soos die opvoeding van ons kinders en die onderrig van Godvresende manne met ruggraat ... En almeer vroue verskyn op die preekstoel.
Almeer jongmense woon saam om mekaar eers te toets ...
Die volk bars uit in hoerery en nie in kindergetalle nie.

Sal ons nog wonder hoekom Homoseks- en alfabet-mannetjies ... en transgender-gemors ons samelewing oorneem?

Hoekom mans en vroue nie meer hulle Godgegewe rolle ken nie? Mans wat almeer besig raak met dinge wat hulle gees vasketting ... Vroue wat moet werk om al die ekstra weelde en gemaksug te kan bekostig, waarsonder ons nie meer kan klaar kom nie. Hoe wil ons die ongemak van stryd hanteer? Hoe sal ons hierdie stryd kan regverdig sodat daar weer 'n Godvresende samelewing in Goddelike geregtigheid byeengebring kan word?

Het pornografie, drank en Mammon 'n houvas op jou? Gaan huis toe!

Gee jy jou kind vir die vyand om opgevoed en onderrig te word? Gaan huis toe! Is jou strandhuis, 4 by 4 Monster-bakkie, versameling jaggewere vir jou 'n groter troos as om jou huis stil te maak: Jou

Vervolg op bl. 15

Bedreiging teen die fisiese en geestelike welstand van ons kinders/jongmense

Hugo Hayes

Bydrae gelewer tydens die Konferensie oor veiligheid en verset, 8 Sept. 2023 te Pretoria (Vervolg)

4. Die implikasies van die eksterne bedreiging

Vervolgens word op die implikasies van die bedreiging m.b.t. die onhoudbare posisie van die antitetiese stellingname gewys. Wat t.o.v. die Christelike geloof en lewensoortuiging geglo en bely word, staan lewensbeskoulik teenoor die verderflike ideologie van die ANC as regerende politieke party. Ons het met twee geheel en al uiteenlopende denk- en leefwêrelde te doen wat antiteties vyandig teenoor mekaar staan. Die vraag is of ons durf toelaat dat ons kinders en jongmense in die proses opgeoffer word deur blootstelling aan ANC-onderwys?

ANC-ideologie staan direk teenoor die waarheid aangaande God-Drieënig en die werklikheid wat op grond van Bybelse oortuiging geglo en bely word. Dit is onmoontlik dat hierdie twee uiteenlopende oortuigings tot ’n posisie van onderlinge verstandhouding gebring sou kon word. Ons Christelike geloof en lewensoortuiging staan in teenstelling tot dit wat ingevolge ANC-ideologie geglo en bely word. Eersgenoemde verteenwoordig ’n God-gehoorsame benadering en ingesteldheid; die tweedegenoemde ’n afvallige, goddelose, wêreldse gerigtheid. Dit is m.a.w. ’n religieuse rigting-teenstelling, met vernietigende gevolge in laasgenoemde geval op die samelewing.

Ons moet onsself teen die agtergrond hiervan vergewis hoedat ANC-onderwys op die menslike gees en liggaam impakteer, en hoedat die mens se verhoudinge ten diepste daardeur geraak word. En dat by die kernvraag uitgekom sal word hóé oor die voortgesette opvoeding en onderwys van óns kinders/jongmense in daardie geestelik afbrekende dampkring geoordeel word. In Christelike opvoeding en onderwys gaan dit immers oor die posisie van die mens en sy verhouding tot God en die ewige eindbestemming waarheen hulle begelei moet word. By die VCHO is dit ons verklaarde benadering dat in die onderwys dit daarop afgestem moet wees dat die kind/jongmens na die Here Jesus gelei moet word. Die totaliteit van hulle menswees (gees en liggaam) is hierby inbegrepe, en wat uiteindelik ’n grondige vernuwing van die menslike persoon om na die wil van God-drieënig gevorm te word, ten doel het.

In die ANC-ideologie met sy sosialistiese uitgangspunt daarenteen, is dit die mens en sy sondige geaardheid wat as teelaarde uitgebuit word vir die bereiking van hulle goddelose doelstellings. Wanneer op ANC beleidsverklarings en ideologiese uitsprake gelet en hul konsepwetgewing oor die onderwys beoordeel word, word dit aan die lewensbeskoulike ondertone uitgeken. Daaruit word dit ongetwyfeld duidelik dat hulle met ’n geheel ander agenda besig is as wat op die bevordering van die welwese van die kinders/jongmense van Suid-Afrika gerig is.

5. Christelike opvoeding in die huisgesin

Begronding

Ons neem dus die absolute en onbetwisbare gesag van die Woord van God-Drieënig in al sy volheid en wat daarin geopenbaar word, as uitgangspunt. En wat hierdie aanbieding betref, is dit wat ons in die Woord en ons gereformeerde belydenis voorgehou word, die enigste maatstaf wat vir die opvoeding en onderwys behoort te geld. Die Bybelse openbaring was en is in die godsdienstige en kulturele lewe van ons volk nog deurgaans die beginsel en rigsnoer van hoe oor die opvoeding en onderwys van ons kinders gedink en gehandel moet word. Met watter gesag sou ’n politieke party hom nou wil aanmatig dat aan ons voorgeskryf sou word dat dit nou skielik anders moet wees. In die eerste plek is dit ons as ouers wat ’n verpligting het teenoor hulle (die kinders/jongmense) wat aan ons toevertrou is, voortspruitend uit ons verantwoordelikheid teenoor God. Dit is Hy wat aan volkere gesinsverbande en aan ouers kinders en jongmense toebedeel en wat uiteindelik ook van hulle verantwoording sal eis. Daarmee word die saak van Christelike opvoeding en onderwys dus by hernuwing in die sentrum van die gesprek gebring. Die vraagstukke oor die bedreiging van hulle volwassewording word dus as ’n aangeleentheid gesien wat deur die opvoeding en onderwys aangespreek behoort te word.

Ek is in die versoeking om ’n terloopse opmerking oor die beweegrede waarom die VCHO in 1949 tot stand gekom het, met ’n rigtinggewende besluit oor ons jongmense, te maak. Dat naamlik ’n organisasie tot stand gebring word wat hom daarvoor

Vervolg op volgende bladsy

moet beywer dat ons jongmense na onderwysinstellings gestuur word waar hulle Christelike opleiding ontvang. Die oorweging was en is steeds dat waar ons dit vanuit die Woord en ons gereformeerde belydenisskrifte as enigste grondslag benader, dit ons in staat stel om die gemeenskaplike godsdienstige en kulturele bestemming van Afrikanerjongmense daarvolgens te rig. Dit bring ons by die noodwendige konsekwensie dat ons die aard van die aanslag en bedreiging soos teen hulle gerig vanuit 'n Verbonds- en volksperspektief behoort te benader. Slegs op hierdie basis geneem, sal die effektiwiteit van maatreëls wat as noodsaaklik beskou word vir die bestryding van die bedreiging relevant en toepaslik kan wees. Soos vroeër reeds opgemerk, bepaal ek my dus tot die aard van die bedreiging en die maatreëls ter beskerming van die jeug uit Afrikanerouerhuise. Dit is derhalwe diegene met 'n oorwegend gemeenskaplike en homogene godsdienstige, maatskaplike, historiese en kulturele agtergrond en 'n eie onderskeibare fisiese identiteit in gedagte.

Vervolgens wil daar by 'n verbintenis tot Christelike onderwys stilgestaan word, ten opsigte waarvan 'n vereenvoudigde voorstelling soos volg sou kon lyk.

'n Saak soos hierdie het 'n dieperliggende strekking en is van 'n veel groter intensiteit as wat met die eerste oorweging by 'n mens mag opkom. Ons praat van kinders/jongmense wat binne die religieuse ruimte van die Bybelse Verbond aan ouers toevertrou word, met 'n uitdruklik Goddelike opdrag, waaraan die seën van die Here verbind word. Dit vereis van Christenouers niks minder nie as dat hulle hul ouerlike verpligtinge in hierdie gees en gesindheid sal opneem. Dat naamlik ouers daarvoor sal instaan dat hulle vir hierdie Godgegewe kind(ers) se opvoeding en onderwys verantwoordelikheid aanvaar, soos met die doopgelofte onderneem. Christenouers mag nie anders nie as dat hulle die gesag van die Woord van God in sy volle konsekwensies t.o.v. die opvoeding van hulle kinders sal aanvaar. In hierdie opsig is die duidelike opdrag in Deuteronomium 6 van deurslaggewende betekenis. Indien dit daarop sou aanstuur dat die onderwysowerheid van ouers sou verwag dat hulle hul by 'n onderwysbeleid moet neerlê wat ander (humanistiese, sekulêre) uitkomste vir die kinders/jongmense van 'n land in vooruitsig stel, sal ouers dit moet teenstaan. Hulle eerste verantwoordelikheid is teenoor God, aan Wie hulle groter gehoorsaamheid verskuldig is.

'n Buitengewone verantwoordelikheid in gewone, maar veel groter nog in uitsonderlike omstandighede, soos dié waarmee ons die afgelope dekades in ons land te kampe mee het, waarmee ouers dus beklee is. Sedert die binnegegaan in 'n oorgangsbedeling, het die uitdagings op haas elke vlak van ons lewensbestaan begin toeneem en ons kinders is nie daarvan gevrywaar nie. Dit het meegebring dat veel groter eise aan Christenouers en -onderwysers gestel word in 'n samelewing wat veel meer kompleks geword het. Ons kinders/jongmense kan nie van die invloede wat van ons samelewing uitgaan gevrywaar word nie. Ons moet aanvaar dat ons hulle nie teen 'n sekulêre tydsgees en elke denkbare slegte invloed sal kan afskerm nie. En, afgesien van die aanslae uit talle oorde op hulle geestelike sowel as liggaamlike individualiteit, is daar ook nog die stryd wat elke gelowige in hom/haar beleef tussen dit wat vir God aanneemlik en welbehaaglik is en dit wat geheel en al teen Sy wil vir ons lewens indruis.

Die vraagstuk in verband met die opvoeding/onderwys van ons kinders en jongmense sou soos volg verwoord kon word: In die eerste plek weet ons dat hulle, te wyte aan die gevolge van die sondeval, tot die kwade geneig sal wees. Dit is 'n gegewe waarmee alle opvoeders rekening moet hou, of dit nou ouers is, onderwysers en almal wat op die een of ander wyse met hulle grootword gemoeid sal wees. Liefdevolle, maar gesagvolle bemoeienis, as noodsaaklike maatreël, moet as't ware daartoe dien dat hulle nog teen hulself beskerm moet word. Hulle is uit hulself nog nie in staat om ten volle te kan onderskei waarop dit aankom en te kies vir wat reg is nie; om die Bybels-normatiewe as maatstaf van 'n gehoorsame lewe voor God voorop te stel nie. Ons staan gevolglik daarby dat alleen langs die weg van Christelike opvoeding daar volgens die Bybelse eise op 'n positief-opbouende wyse met hulle bemoeienis gemaak moet word. Daar moet na die Bybelse voorskrif aan hulle opvoeding tot volwassenheid, geskoei op die beginsels soos binne die Verbond vereis, beslag gegee word.

Dat daar dus in 'n gesindheid van liefdevolle begeleiding en selfs teregwysing, soos wat vereis sou word, aan hulle grootword tot volwassenheid gewerk moet word, solank as wat hulle aan ons sorg toevertrou is, staan vir ons vas. In die konteks van ons Christelike opvoedings-bemoeienis glo ons dat ouerlike gesag en dissipline noodsaaklike voorvereistes is in die vorming van ons kinders en jongmense se persoonlikhede. Ouers/onderwysers en almal wat andersins met hulle opvoeding in Christelike sin dit erns het, tree in hierdie opsig wesenlik as aardse beskermers op, ter wille

van die behoud van ons kinders/ jongmense.

6. Teenoffensief ter beskerming en konsolidasie

In die formalisering van 'n teenoffensief ter beskerming, is na my oordeel die volgende drie voorwaardes van kernbelang:

a. Die eerste voorwaarde is 'n onvoorwaardelike terugkeer na God en sy Woord en ons gereformeerde belydenisskrifte. Ons sal onsself opnuut moet verbind aan die gesag van wat die Woord leer in verband met die opvoeding van kinders/ jongmense. Die Woord alleen moet vir ons die enigste maatstaf wees in wat van ons vereis word betreffende die opvoeding van ons kinders/ jongmense. Selfs al sou hierdie bepaalde vertrekpunt ons in direkte konfrontasie bring met wie ookal ánders oor die saak ingestel sou wees, mag dit ons nie laat terugdeins nie. Ons mag nie swig voor magte of owerhede wat God nie erken nie en aan sy Woord geen erg het nie. Ons eerste gehoorsaamheid is teenoor God en nie die regerende politieke party van 'n land nie. Dit sal ons in alle waarskynlikheid in botsing bring met die owerheid, maar dan sal ons soos Martin Luther moet sê: hier(by) staan ons; ons kan nie anders nie.

b. Die tweede voorwaarde waarby ek wil kom is die Christelike huisgesin. Soos ek dit sien bevind ons ons tans in omstandighede waarin daar op die huisgesin teruggeval sal moet word. Weliswaar die kleinste kerneenheid in die samelewing, maar waarsonder nóg die kerk nóg die skool volhoubaar kan bestaan. Indien ons dit daartoe kan bring dat ons die huisgesin 'n kragpunt kan maak waar op grond van beginsel daadwerklik standpunt ingeneem word, sal die effek daarvan noodwendig na die kerk en die skool moet deurwerk. Die ideaal is dat hierdie drie in hulle benadering tot die opvoeding eendragtig moet wees, wat tans nog nie die geval is nie. Die kernvraag is: waar moet ons begin met 'n herkonsolidasie van Christelike opvoeding om vandaar na die onderwys te beweeg. Ek meen dat ons moet begin by die huisgesin, waar die fondasies desnoods van nuuts af gelê sal moet word. Indien hierin solidêr opgetree kan word, sal die uitwerking daarvan na die samelewing nie gekeer kan word nie. Dit sal noodwendig na die kerk en die skool deurvloei. Daar is egter 'n saak wat ons duidelik in die oog sal moet kry. Dit is dat ons die huisgesin in ons land in die lig van die bedreiging sal moet herposisioneer. Wat daarby bedoel word is dat ons vanuit die konvensionele beskouing oor die huisgesin sal moet beweeg na 'n gesinsopset waarin die gesin sowel fisies as geestelik weerbaar gemaak moet word, teenoor die aanslag. Dit sal dus daarop neerkom dat die huisgesin bemagtig word (sou ek die uitdrukking kon gebruik) om die bedreiging fisies en geestelik met teenoptrede te kan ontmoet, waar dit daarop sou aankom. Dit sou dus beteken dat die opset van die Afrikaner-huisgesin in ons land redelik ingrypend sal moet herorganiseer en herposisioneer, ten einde in 'n defensiewe front teenoor die bedreiging opgestel te kom.

c. Die derde voorwaarde is dat vanuit 'n posisie van die grondlegging van primêre opvoeding binne die huisgesin, daar na die terrein van formele onderwys beweeg word. Daar bestaan die redelike verwagting dat vanuit die huisgesin na formele onderwys beweeg sal word, waarin die religie en kultuur van die Christen-Afrikaner eerbiedig sal word. Wanneer ons sterk standpunt teenoor sekulêre, nie-christelike onderwys inneem, moet ons vir ons besef die verantwoordbare alternatief stel. Daar is waardering daarvoor dat daar instansies in die private onderwysbestel is, wat hulle op die grondslag van Christelike onderwys stel. Dit word daarmee rekening gehou dat ons in SA met 'n onderwysbedeling te doen het wat vir beide openbare en privaatonderwys voorsiening maak. Na ons waarneming kan daar egter binne die openbare onderwys nie sinvol vir die spesifieke model wat vir die Christen-Afrikaner kinders en jongmense voorsiening maak, ingeruim word nie. Die multi-religieuse en multi-kulturele aard daarvan kan nie reg laat geskied aan die prinsipiële begronding van die soort onderwys wat vir voornoemde in vooruitsig gestel word nie. Die vereiste wat vir die onderwys van Christen-Afrikaner kinders en jongmense gestel word, is dat dit Christelik-volkseie onderwys sal wees en niks minder as dit nie. Die huisgesin is hierin, na mening, weer die sleutel tot die beslaggewing daaraan. Ons moet die punt bereik waar daar vanuit die huisgesin op Christelik-volkseie onderwys aangedring word en met die vasbeslotenheid daartoe om die nodige alternatiewe strukture in plek te stel.

Vervolg op bl. 21

Mediaverklaring deur die Vereniging vir Christelike Hoër Onderwys

Wysigingswetsontwerp op die Onderwys, bekend as die 'Bela'-onderwyswet

Die aanvaarding van die omstrede 'Bela'-onderwyswet is nie alleen 'n groot terugslag vir ouermedeseggenskap en die selfstandigheid van onderwysinstellings nie, maar plaas ook die wetgewende prosesse van die SA-regering onder ernstige verdenking. Die wyse waarop hierdie wetgewing eensydig gestoomroller is om dit teen wil en dank goedgekeur te kry, behoort die onderwysgemeenskap en die breë publiek tot groot onrustigheid te stem oor die toekoms van onderwys in SA en die staat se drang na magsoorheersing onder leiding van die regerende party. Terwyl enersyds onder groot fanfare die publiek 'geraadpleeg' was, d.m.v. sg. openbare verhore, dui die daaropvolgende minagting van die publiek se uitgesproke teenkanting en verwerping van die wetgewing daarop dat die regerende party bloot daarop ingestel is om sy eie politieke agenda te bevorder en nie wat in belang van die onderwys is nie. Terwyl die onderwysgemeenskap sy duidelike misnoeë teen die voorgestelde wetgewing uitgespreek het, word dit in die wetgewende prosesse blatant geïgnoreer. Dit maak eintlik 'n bespotting van die sg. demokrasie.

Die wetgewing hou in die tweede plek 'n krisis van ongekende omvang vir die onderwys in. Die selfstandigheid van onderwysinstellings kom daardeur in gedrang, aangesien die staat deur hierdie wetgewing ernstige inbreuk daarop maak. Die staat wil hom die reg veroorloof om magte en bevoegdhede wat uitsluitlik dié van die onderwysinstellings behoort te wees, vir sy eie rekening te neem. Die optrede van die staat druis teen die beginsel in dat daar tussen die magte en bevoegdhede van die staat en dié van die onderwys onderskei word in 'n gedifferensieerde samelewing. Die staat kan nie die skool oorneem nie en andersom, daarom mag die staat hom nie op die terrein van die skool begewe nie. Dit getuig van magsoorskryding deur die staat en 'n verontagsaming van die bevoegdhede en regte waaroor onderwysinstellings beskik. Verbande soos die staat en dié van die onderwys beskik elkeen oor hulle eiesoortige kompetensies, op grond van die godgegewe ordening binne 'n beskaafde samelewing. Die staat wil hom daarmee op 'n terrein begewe waar hy regtens oor geen bevoegdheid beskik nie. Dit dui slegs op een ding, naamlik die staat se magshonger na volle oorheersing van die onderwys.

Die ouergemeenskap het op grond van hierdie onregmatige handeling van die staat 'n reg en 'n plig tot verset. Wat daarop kan neerkom dat hulle hul kinders/ jongmense onder die invloedsfeer van die staat t.o.v. die terrein van die openbare onderwys kan onttrek. Dit gaan nie slegs oor die onregmatigheid nie, maar ook vanweë die ingrypende gevolge wat dit vir kinders/ jongmense inhou, deurdat hulle in 'n posisie ingedwing sal word waar hulle godsdienstige en kulturele hoedanighede deur getalsoorheersing en die afwesigheid van moedertaalonderrig vernietig sal word. Dit kom neer op 'n skending van hulle aangebore identiteite. Geen regdenkende ouergemeenskap kan daarmee verlief neem nie.

Die VCHO as onderwys-organisasie spreek hiermee sy grootste teenstand en weerstand teen die wetgewing uit en doen 'n beroep op die onderwysgemeenskap dat hy hom nie aan hierdie miskenning van sy reeds gevestigde regte sal onderwerp nie. Die VCHO moedig daarom alle belanghebbendes tot die onderwys aan dat daar in die omstandighede eerder na die alternatief van privaatonderwys aan instellings, of tuisonderwys, wat hulle openlik vir onderwys op Reformatoriese grondslag binne die volkseie kultuur beywer, gekyk sal word.

Hugo Hayes
Uitvoerende Beampte: VCHO
2 November 2023
Navrae: hugo@vcho.co.za
Tel. 051 525 2341

Mymeringe oor die lewe

Francois van Zyl

Vooraf

Besinning oor die lewe is ’n belangrike en tog vir sommiges, benouende aktiwiteit, veral teen die mens se eindjare. Dan keer die gedagtes terug oor jou dade en denke, die suksesse, die winste, die bydraes, die reputasies maar ook die foute, die mislukkings, swak besluite, die versuim; die dinge wat te pynlik is om te oordink.

Lewe, roeping en werk

Vanuit ’n Bybelse perspektief kan daar nie van lewe gepraat word as dit nie met roeping en dus werk verbind word nie. Lewe en werk is nie net onlosmaaklik verbonde nie, maar staan ook in ’n besondere verhouding tot mekaar.

Iemand het êrens gesê dat ons lewe hier op aarde bepalend is vir ons lewens in die hiernamaals. Henry Martyn merk op dat ’n mens nie sal doodgaan voordat sy werk op aarde voltooi is nie.

Christen-gelowiges het soms ’n wanbegrip oor die werksaspek van lewe en misken die omvattende lewenswerklikheid daarvan. Dan sit hulle ledig in geloofsisolasie en wag vir die vervulling van God se tekens en beloftes. So asof kerklidmaatskap (veral die fokus op emosionele verering), Woordverkondiging, die beoefening van kerklike rituele, uitreiking na armes, siekes en bejaardes die enigste tekens van Christenskap is. Voeg daarby nog die groeiende klem in gemeentes op sielkundige berading van verwarde dwalendes in die moderne sielsiekhuis.

Hierdie bydrae wil poneer dat die mens ’n roeping binne die lewensmarkplek het, waar hy in gehoorsaamheid aan God se opdragte moet arbei om Sy koninkryk uit te bou. Dit is ’n siening wat glo dat ware Christenskap baie ryker is as die verarmde (Rooms-Katolieke) kerklike geloofsbeskouing wat steeds diepgewortel is in ons geloofslewe.

Die mens en sy roeping

Besinning oor die lewe begin by die vraag: wie se lewe? Hierdie wié is die mens en in dié verband gee die Bybel waardevolle inligting.

Psalm 8 vat die aard en wese van die mens mooi saam. Dit bevestig dat die Here die mens weinig minder as ’n goddelike wese gemaak het, hom met eer en heerlikheid gekroon het om te heers oor die werke van God se hande en dat God dan alles onder die mens se voete gestel het.

As kroon van die skepping gee die Here aan die mens die opdrag om vrugbaar te wees en die aarde (skepping) te onderwerp en te beheers. Die motief vir vulling, onderwerping en beheersing van die skepping is om God daardeur te eer en te verheerlik.

Die Hart

Daar kan nie oor die mens gepraat word as daar nie ook na sy hart verwys word nie. Die hart wat in die Bybel ook as ‘siel’ beskryf word, is die religieuse konsentrasiepunt van die mens se bestaan.

Die hart is die enigste aspek van die mens wat nie deur die tydelike werklikheid houvas word nie. Dit funksioneer dus beide in die hier en nou, maar ook binne die hiernamaals. So gesien is die beskerming van ’n mens se hart van kardinale belang.

In die tydelike werklikheid funksioneer die hart nie net vir

die mens se geloofslewe nie maar ook vir al die ander aspekte van die menslike bestaan. Die werk wat die mens doen, word beïnvloed deur die geesteskragte wat op die mens se hart beslag lê. Die hart is óf gerig op God óf weg van God.

Werk en bestuur

Werk vind binne die konteks van bestuur plaas – taakverdeling en taakkoördinering. Die opdraggewer verleen gesag aan die opdragnemer om binne ’n bepaalde bestek en ordening (met die verskaffing van hulpbronne) sekere take uit te voer om ’n spesifieke uitkoms te lewer. Die opdragnemer doen voortdurend verantwoording aan die opdraggewer oor die doelmatigheid en effektiwiteit van uitvoering.

In die lewe gaan dit dus oor die mandaatgewer (God) en die mandaatnemer (die mens), die mandaat (gesag en opdrag) en die verleende gesag en vryheid om die mandaat te kan uitvoer. Ook gee die Here aan die mens ’n ‘toebereide’ (Hebreërs 11:3), ‘geskikgemaakte’ skepping én belangrik, die vermoë om hierdie skepping te kan ontplooi.

Vervolg op volgende bladsy

Vryheid binne verantwoordelikheid

Die opdraggewer verleen nie net die gesag en vermoë aan die opdragnemer om sy gegewe opdrag (roeping) uit te voer nie, maar ook die vryheid van uitvoering. Die oogmerk van vryheid is om binne verantwoordelikheid skeppend en innoverend die skepping verder te ontplooi, sodat dit God kan eer en verheerlik.

Dit is vryheid om aan God se opdrag te voldoen. Dit is nie vryheid om los van God se (ver) ordeninge werk te verrig nie.

Vryheid behoort dus altyd aan verantwoordelikheid gekoppel te wees – vryheid om God se opdrag uit te voer, maar dan om hierdie vryheid binne verantwoordelikheid uit te oefen.

Die konsep 'verantwoordelikheid' dui op 'n antwoord op die Woord. En die Woord gee bogenoemde opdrag wat dan ook as die Kultuuropdrag beskryf word. So gee die mandaatnemer dan terugvoer aan die mandaatgewer tot welke mate hy aan die opdrag uitvoering gegee het.

Ontplooiing van 'n toebereide aarde (skepping)

Beide die mens en die skepping word 'geskik gemaak' en toeberei, sodat die skepping verder ontplooi kan word. Die mensdom in sy verskeidenheid – elkeen met sy unieke talente en vermoëns – word in hierdie ontplooiingswerk gebruik.

Hoe star en rigied sou dit nie wees nie as alle mense dieselfde vermoëns gehad het en dieselfde gelyk het? Mense verskil nie net ten opsigte van hulle gawes en talente nie, maar ook in die mate waarin gawes en talente uitgedeel is. Tog het elkeen iets om te bied en om waarde toe te voeg as verantwoordelike rentmeesters tot die verdere ontplooiing van die skepping.

Die skepping is ryk aan dormante moontlikhede en getuig in sigself van 'n geweldige verskeidenheid ten opsigte van stof, plant en dier. So werk 'n wydgeskakeerde mensdom binne 'n ryke skeppingsverskeidenheid om die Skepper te eer en te verheerlik. Ingebed in die skepping lê nie net die beginsels vir strukture nie, maar ook die beginsels vir orde en beheer.

Werk binne instellings (samelewingstrukture)

Geen mens of gemeenskap staan egter op sy eie nie. Hy het 'n eie belang en is 'n eie identiteit, maar dit staan altyd in verhouding tot ander belange en identiteite. Ten spyte daarvan dat begaafde individue leidende bydraers in die uitvoering van die Kultuuropdrag is, lewer 'n groep mense wat effektief saamwerk altyd meer as die optelsom van die effek van die individuele dele.

As gemeenskapswese, opereer die mens binne instellings wat hy oor tyd heen in die samelewing ontwikkel het. Hierdie instellings speel 'n deurslaggewende rol in die uitvoering van die Kultuuropdrag. Elke instelling het 'n eie unieke doel en 'n gesagsbevoegdheid binne sy eie terrein.

Die werk wat in die instellings gedoen moet word, behels onder andere om te verseker dat die instellings aan hulle doel beantwoord en dat die instellings se bevoegdhede binne eie gesagsgebied bewaar bly. Dit word kortliks soos volg uiteengesit:

- Die huwelik (seksueel-gebaseerde liefdesgemeenskap tussen een man en een vrou);
- Die familie (bloedverband tussen ouers en kinders gemik op ouerlike liefde, vertroue, groei en beskerming);
- Die volk (eie-soortige gemeenskap wat deur gedeelde kulturêle aktiwiteite oor tyd 'n volkstipiese styl bedryf wat uitloop op 'n unieke manier van doen);
- Die skool (kultuur-historiese verhouding tussen ouer, kind en gemeenskap, gemik op die ooreenkoms tot lering);
- Die kerk (Christelik belydende geloofsgemeenskap gemik op onderlinge geloofsbelange);
- Die universiteit (gemeenskap van studente wat wetenskap beoefen gemik op die soeke na waarheidskennis);
- Die besigheidsinstelling (kapitaal gebaseerde organisasie wat skaars goedere en dienste bestuur, gemik op ekonomiese waardetoevoeging aan die gemeenskap en om in die proses wins te maak);
- Voluntaristiese verenigings (algemene organisasies gemik op bevordering van kulturele en sosiale belange); en
- Die staat (publiekregtelike instelling gemik op die harmonisering van algemene regsbelange en die balansering van veelvoudige regsbelange binne sy gesagsgebied).

In vervlegting, sonder opheffing van die verskeidenheid instellings se doelstellings en gesagsbevoegdhede, dra hierdie instellings by tot 'n ontwikkelde Godvererende en -verheerlikende samelewing.

Werk ten opsigte van idees en praktyke

Ter uitvoering van die Kultuuropdrag ontwikkel die mens voorts bepaalde idees en praktyke ten einde optimale orde, beheer en bestuur in die samelewing te verseker.

Hierdie idees en praktyke sluit 'n wye verskeidenheid vryhede, verpligtinge en regte in en moet voortdurend geëvalueer en hersien word, ten einde te verseker dat dit die Kultuuropdrag ondersteun.

Vervolg op bl. 19

’n Gedragsorde vir Christen-onderwysers

Opgestel deur Pieter Bisschoff

Doelwitte

’n Gedragsorde vir Christen-onderwysers kan help om alle onderwysers rondom Skriftuurlike norme te verenig. Deur gesamentlik so ’n gedragsorde te onderteken, vind gelowige onderwysers ’n gesamentlike akkoord of ooreenkoms oor wat as reg en verkeerd beskou word in die uitoefening van hul beroep.

Waarom ’n gedragsorde vir Christen-onderwysers?

Sommige samelewingsverbande beskik oor ’n ooreengekome orde wat ten doel het om die spesifieke verband te orden. Die meeste kerkverbande het ’n kerkorde wat aandui hoe gemeenskaplike sake in die kerkverband hanteer moet word. Op ’n soortgelyke wyse kan ’n gedragsorde vir Christen-onderwysers ook norme neerlê om Christelike onderwys te orden. Met God se Woord as rigsnoer, moet gelowige onderwysers hulself vergewis hoe die Here onderwys en opvoeding wil orden sodat hulle die onderwyspraktyk daarvolgens kan stig. Dit is egter belangrik om te besef dat geen orde, hoe volledig ook al, alle aspekte van die Christelike-onderwys kan begrond nie. Daarom mag dit nodig wees om die orde van tyd tot tyd te hersien en indien nodig aan te pas.

’n Orde vir Christen-onderwysers is nie ’n onveranderlike wet wat rigied afgedwing moet word nie, maar eerder ’n dokument met ’n dienende karakter. Dit wil Jesus Christus se Hoofskap op alle lewensterreine en in besonder die onderwys, aan gelowige onderwysers formuleer. Die onderhouding en handhawing daarvan bied onderwysers die geleentheid om hul eie en kollegas se optrede, binne sowel as buite die klas, krities te beoordeel. Gelowige onderwysers kan en moet mekaar opskerp, bemoedig en indien nodig vermaan om terug te reformeer na God se Woord. Maar ’n gedragsorde vir Christen-onderwysers dra alleen gesag as dit die Bybelse norme oor onderrig en opvoeding, noukeurig en getrou reflekteer.

’n Gedragsorde vir Christen-onderwysers

Vanuit God se Woord tree die volgende aspekte oor die onderrig en opvoeding van gelowiges se kinders na vore, waarop elke gelowige onderwyser instemmend kan en moet antwoord:

Lewensbeskoulike aspekte

As Christen-onderwyser verbind ek my tot die volgende:

- Om in my daaglikse handel en wandel die Here met my hele hart, siel en verstand lief te hê en om my naaste, in besonder die leerlinge, hul ouers en my kollegas, se beste belang te soek deur aan hulle diensbaar te wees.
- Om te erken dat die leerlinge die eiendom van die Here is en daarom nie aan hul ouers of die staat behoort nie. Ek besef dat enige persoon wat God se eiendom van Hom afvallig maak ’n verskriklike oordeel sal ontvang.
- Om te erken dat God homself in die eerste plek deur sy werke en daarna in meer besonderhede deur sy Woord openbaar. Dit impliseer dat ek die leerlinge moet leer om God se hand nie net in die Bybel nie, maar in elke vakgebied raak te sien. Die een kan nie sonder die ander na behore verstaan word nie.
- Om die gesag van die Bybel oor alle lewensterreine, in besonder oor die onderwys en opvoeding, te handhaaf en

om my taak as onderwyser in gehoorsaamheid aan die Bybel as norm, nougeset uit te voer.

- Om moeite te doen om die Here deur werksaamhede soos Bybelstudie, gebed, huis-godsdiens en erediens-bywoning, beter te leer ken soos wat Hy Homself in en deur sy Woord aan ons openbaar, sodat ek al meer tot volwassenheid in die geloof kan groei.
- Om daagliks teen die Satan en sy bose magte te stry. Dit hou in dat ek nie net die leerlinge sal toerus om kennis van die antitese tussen lig en duisternis op te bou nie, maar hulle ook weerbaar sal maak om aktief die Satan en sy bose magte teen te staan.
- Om my eie gebrokenheid en sonde voor die Here, sowel as die invloed van sonde op die uitleef van my roeping as onderwyser, te besef.
- Om aktief verantwoordelikheid te aanvaar vir dit wat in en met die skoolgemeenskap

mag plaasvind. Dit sluit in om op mekaar te let, mekaar te vermaan indien nodig, maar ook om mekaar se laste te dra.

Professionele optrede

As Christen-onderwyser verbind ek my tot die volgende:

- Om te erken dat Christus die enigste ware Leermeester is en bly. Ek word dus deur Jesus Christus, die groot Leermeester, geroep om as instrumente in sy hand sy kinders tot sy eer te onderrig.
- Om die besonderse gesagsposisie waarin God my as onderwyser plaas met waardigheid te beklee en daar volgens te handel.
- Om alle gesagstrukture soos vak-, departement-, adjunk-, en skoolhoofde wat oor my aangestel is, te erken en te eerbiedig.
- Om alle reëls binne skoolverband te eerbiedig.
- Om my gewillig aan enige dissiplinêre aksie te onderwerp as ek miskien in my doen of late 'n oortreding sou begaan.
- Om in alle aktiwiteite wat ek as persoon, of die skool as instansie mag aanpak, nie my eie of die skool se eer te soek nie, maar Gods eer alleen voorop te stel.
- Om in die beplanning en deelname aan alle binne- sowel as buitekurrikulêre aktiwiteite wat by die skool mag plaasvind, Bybelse norme te laat geld. Dit sluit aspekte soos fondswerwing, sport en kultuur bedrywighede, die erkenning van prestasie en leierskapontwikkeling in.
- Om te alle tye eties korrek en professioneel op te tree. Dit sluit aspekte soos eerlikheid, betroubaarheid, stiptelikheid, en lojaliteit in.
- Om as lid van die skoolgemeenskap my kollegas sowel as die bestuur van die skool aktief te ondersteun in die uitvoering van hul professionele pligte.
- Om alle moontlike geskille of verskille wat daar mag ontstaan met leerlinge, ouers of kollegas op die korrekte wyse, soos neergelê in God se woord, te besleg.

Didaktiese aangeleenthede

As Christen-onderwyser verbind ek my tot die volgende:

- Om al my onderrig aan die hand van Bybelse norme te doen. Dit beteken dat ek my nie sal skuldig maak aan soetsappige toesprake of morele sedelessies nie.
- Om die leerlinge in hul totaliteit te ontwikkel. Dit sluit in hul verstandelike, sosiale, emosionele, estetiese, fisiese en religieuse vorming.
- Om die uniekheid van elke leerling te erken met die gevolg dat ek elke leerling volgens sy of haar eiesoortige behoeftes sowel as unieke gawes en talente sal hanteer.
- Om aan leerlinge uit te wys waarmee die Here in hierdie wêreld besig is en hoe hulle optrede en morele gedrag daarby moet inpas.
- Om aan leerlinge die sin en onderlinge verband van alle dinge wat hulle bestudeer te verduidelik.
- Om met waardigheid teenoor alle leerlinge as beelddraers van God op te tree.
- Om God se liefde, maar ook sy reg deurlopend aan leerlinge te bedien.
- Om aan leerlinge 'n veilige, geborge ruimte te skep waarbinne hulle ongehinderd onderrig ontvang.
- Om roepingsgetrou my taak as pedagoog uit te voer. Dit sluit aspekte in soos die deeglike voorbereiding van elke les, die moeite doen met die aanbieding van lesse en die gereelde nasien van leerlinge se skriftelike werk.
- Om in diepte te besin oor watter norme die Here oor my vakgebied in sy Woord en werke openbaar en om hierdie norme aan die leerlinge te onderrig.
- Om op die hoogte te bly met nuwe denke en verwikkelinge in die onderwys in die algemeen en met my vakgebied in die besonder.
- Om deurentyd goeie orde en dissipline binne sowel as buite klasverband te handhaaf. 'n Gesonde werkkultuur en om leerlinge tot selfwerksaamheid te begelei, is norme wat van groot waarde sal wees in die beoefening van dissipline.
- Om skoolreëls nougeset en konsekwent toe te pas sonder aansien van die persoon wat hom- of haarself skuldig maak aan die oortreding van die reëls.
- Om daarteen te waak dat die reëls en nie ek as onderwyser nie, dissiplinêre aksies hanteer.
- Om nie leerlinge te vertoorn deur onrealistiese verwagtinge van hulle te koester of om beterweterig op te ree nie.
- Om waar nodig leerlinge in liefde te tug en nie in woede of uit vergelding nie.

Onderlinge verhoudings

As Christen-onderwyser verbind ek my tot die volgende:

- Om alle leerlinge, kollegas en ouers met onvoorwaardelike liefde en respek te hanteer.
- Om die goeie naam en waardigheid van elke leerling, ouer en kollega ten alle tye te beskerm deur nie direk of indirek aan kwaadwillige gesprekke deel te neem, of skinderstories te versprei nie.
- Om my van enige vorm van verkleinering of sielkundige aftakeling van 'n leerling, kollega of ouer te weerhou.
- Om alle inligting soos leerlinge se akademiese prestasies,

Vervolg op volgende bladsy

Vervolg van bl. 6: Konferensie oor veiligheid en verset

vrou en kinders om ’n tafel byeen te bring, saam Bybel te lees en te bid, Psalms en Gesange te sing? Gaan huis toe! Jy is nog nie reg vir die stryd nie!

Gaan huis toe en verootmoedig jou onder die Kragtige Hand van God:

Die Here gaan die 33 000 verminder na 300: Sodat die eer van die oorwinning Hom sal toekom ... Anders is ek bevrees gaan dit net nog ’n futiele oefening wees.
Die volk gaan 40 jaar in die woestyn rondswerf, totdat die hele goddelose geslag uitgesterf het: Hulle wat eerder op die vleispotte en wonderwerke van die Reënboognasie vertrou en bou: Instede van te bou aan die karakter van ’n Godvresende nageslag!

Waarmee gaan ons afsluit? *De la Rey ... De la Rey ... Sal jý die Boere kom lei?*
Of ’n Psalm waarvan ons hopelik ook die woorde so van harte ken?

Lees weer 1 Kor. 10:6-13
Mag God ons die krag gee om te volhard,
nie met ’n gees van vreesagtigheid nie!
Maar met ons oë gerig op die Kruis en die wederkoms van Christus ...
Mag sy Heilige Gees ons hierin lei ... Amen

Kom ons sluit af en sing Psalm 68: 1 en 2 tot eer van God!
Die Heer sal opstaan tot die stryd ...

Vervolg van bl. 14: ’n Gedragsorde vir Christen-onderwysers

persoonlike probleme wat kollegas mag ondervind, of die wanbetaling van ouers se skoolgelde as vertroulik te beskou en sodanig daarmee om te gaan.
- Om bemoeienis te maak met leerlinge wat een of ander pastorale uitdaging of probleem ondervind.
- Om die besonderse plek wat die Here aan ouers as primêre opvoeders van hul kinders gee, te eerbiedig.
- Om te alle tye goeie verhoudinge met ouers te handhaaf onder meer deur hulle op die hoogte te hou van hul kinders se welstand en skolastiese vordering.
- Om die Godgegewe rol en taak van die kerk te erken en te eerbiedig in die opvoeding van leerlinge.
- Om die beperkte rol van die owerheid ten opsigte van onderwys te erken. Die owerheid mag nie die verantwoordelikheid om kinders op te voed, oorneem nie; maar moet wel toesien dat daar orde en stabiliteit in die samelewing is, waarbinne opvoeding kan plaasvind.

Voorkoms en gedrag

As Christen-onderwyser verbind ek my tot die volgende:
- Om my taalgebruik so te besig dat dit tot Gods eer strek. Dit sluit in dat daar geen kragwoorde, neerhalende opmerkings of dwaalleerstellings geuiter mag word nie.
- Om wat my kleredrag betref so aan te trek dat dit getuig van kuis- en ingetoënheid. Dit geld ook ten opsigte van die dra van juwele of grimering, ’n gepaste haarstyl en die aanbring van tatoeëermerke op liggaamsdele in.
- Om deur my optrede altyd die eer van die Here en die heil van my naaste voorop te stel. Dit sluit aspekte in soos die omgang met tegnologie, die misbruik van alkohol of die besteding van geld.

Algemene aspekte

As Christen-onderwyser verbind ek my tot die volgende:
- Om op geen wyse my posisie as onderwyser vir politieke, sosiale of finansiële gewin te gebruik of misbruik nie.
- Om ’n goeie landsburger te wees.
- Om my plek in die samelewing diensbaar in te neem.

Ter oorweging

Werk aandagtig deur bogenoemde orde vir Christen-onderwysers en beantwoord dan onderstaande vrae.

Vrae:
- Watter sake hierbo genoem berus nie op Bybelse norme nie en moet dus uit die orde verwyder word?
- Watter ander Bybelse norme rakende die onderwys moet na u oordeel tot die orde toegevoeg word?

Christelike onderwys: Die skoolbeheerliggaam se mandaat as beelddraers van God

'n Vervolg op die bydrae ontvang van dr Bennie Aucamp

'n Mandaat beteken dat iemand die volmag en die opdrag het om 'n spesifieke taak uit voer. Die beheerliggaam as verkose liggaam het in die algemeen verskeie opdragte en take om uit te voer. Maar binne die konteks van Christelike/ Bybelgefundeerde onderwys, is die opdrag aan die beheerliggaam met die oog op die gemeenskap wat hy dien, om God se wil uit te voer – sy mandaat vir ons almal as Christengelowiges. Al die mens se handelinge word deur hierdie ingesteldheid bepaal en al hierdie handelinge (met inbegrip van kennis en wetenskap) kan as kultuur omskryf word. Die kulturele mandaat impliseer dat deel van ons rentmeesterskap om die aarde te bewerk en te bewaar, is om uit ons pad te gaan en die kultuur so te beïnvloed dat dit God se wil reflekteer. Dit sluit alles in, ook ons persoonlike lewe en interaksies met die regering en gemeenskap, as deel van ons verantwoordelikheid om God se wil prakties uit te leef. Of soos iemand dit gestel het: "*The creation mandate most simply refers to man's authority over the earth and his responsibility to follow God's design for stewardship and sexuality. The cultural mandate, in its most biblical sense, is our personal obligation to submit all of our lives to God's will, specifically including the way we interact with others through government and society. As the salt of the earth (Matthew 5:13), we influence the culture for good*" (*Got Questions: What is the creation mandate/cultural mandate?*).

Met watter boodskap of sekerheid en grondliggende beginsels moet die beheerliggaam sy belangrike taak/roeping en opdrag/mandaat benader en aanpak? Ek het by Joe Boot van die Ezra Institute gaan 'aanklop'. Die beheerliggaam en Christelike onderwys kan met groot vrymoedigheid van sy insigte gebruik maak – insigte vanuit God se Woord. Boot draai nie doekies om as hy daarop wys dat ons en ons kinders in hierdie wêreld en tydsgees blootgestel is aan "*The propaganda war against the faith*" wat vandag nog fel voortduur. Boot gaan voort: "*It is powerful, well-resourced and pervasive in many public and private institutions. Sometimes the propaganda is framed in terms of the political ideals of multiculturalism that dominate our society; at other times it has centred on the official state policy of political correctness as it relates to restrictions on free speech and liberty.*"

Joe Boot verwys na die drieledige Christelike roeping. *What then is the calling of Christians* [ook vir die beheerliggaam wat verbondskinders saam met die skoolhoof en personeel moet lei en versorg] *in the midst of this culture war?* (eie invoeging)

1. Eerstens, ons kan onsself nie van kultuur distansieer of dit ontglip nie. Christus regeer en heers as Skepper, Verlosser en Koning oor kultuur. Alle dinge is gemaak en is onderworpe aan Christus en Hy is gister, vandag en vir altyd dieselfde (Hebreërs 13:8). Christus se waarheid, evangelie en wet is nie kultureel relatief nie. "Die mens is soos gras, en al sy prag soos 'n veldblom; die gras verdor en die blom val af, maar die woord van die Here, dit bly vir ewig" (1 Petrus 1:24-25). Aangesien Christus se doel die herstel en

versoening van alle dinge met Homself is (Kolossense 1:20), is die sentrale roeping van die Christen om die kultuur te transformeer deur getrou te bly aan die evangelie en die volle Woord van God.

2. Tweedens moet ons daarop bedag wees dat die wapens van ons 'oorlog' nie van vlees is nie, maar het goddelike krag om vestings/ bastionne te vernietig. Ons vernietig redenasies en elke hoogmoedige opinie wat teen die kennis van God geopper word, en neem elke gedagte gevange om dit aan Christus gehoorsaam te maak (2 Korintiërs 10:4-5). Ons stryd is geestelik en is 'n stryd vir die denke en harte van mense.
3. Derdens, om die geestelike oorlog te voer en aan te pak, moet ons getrou aan God se Woord wees en die relevansie of toepaslikheid van sy Woord ten opsigte van elke faset van die lewe erken en daarvolgens lewe. Ons sal alleen op hierdie wyse sien hoe die evangelie ons transformeer/ verander, asook ons gesinne, gemeenskappe en daarom

ook kulture. Totdat ons nie hierdie begrip en betekenis van die geloof herwin of besef nie, sal ons nie in staat wees om werklik te begryp hoe die groot kerkvaders van die kerk gely het toe hulle nie vir Ceasar as Here erken het nie, maar vir hulle belydenis 'Jesus is Here' gesterf het. Sonder hierdie begrip, sal ons ten opsigte van die krisis in ons tyd irrelevant bly, en sal die geloof van ons voorvaders "*pass like wind in the prairies, driven by the propaganda of idolatry – the worship of man and state*" (Joe Boot).

Wat se betekenis hou bostaande drie punte vir die beheerliggaam in? As beelddraers van God moet die beheerliggaam Christus-gesentreerd dink en doen – ingestel op herstel/restitusie en om alles (elke faset van die skoollewe) onder Christus se heerskappy te stel en Hom te vertrou en aan Hom elke aspek toe te vertrou. Dis 'n demonstrasie van gehoorsaamheid ten opsigte van ons roeping en 'n intense bewuswees van die waarheid dat die kultuurmandaat soos beskryf in Genesis 1:28 voor die sondeval, as opdrag gegee is. [Net iets oor die begrip 'roeping'. Elke Christengelowige is 'n geroepene in die koninkryk van God. Dit is nie 'n begrip wat net op predikante of teoloë van toepassing is nie. God roep ons deur Jesus Christus tot taakvervulling en om sy verbondskinders op te voed en te onderrig sodat hulle ook hulle gawes meer en meer soos dit ontwikkel in geloof tot God se eer kan aanwend. Dit wys ook op die herstelde beeld van sondaars deur geestelike groei en heiligmaking – meer en meer na die beeld van Christus!]

As geroepene en gestuurde, behoort die beheerliggaam te antwoord/rapporteer, en wel ten opsigte van elke faset van die skool se bestuur en beheer. Ja, in my gedagtes hoor ek dat daar stemme kan opgaan wat waarsku dat die beheerliggaam nie op bestuursvlak moet inmeng nie en dat daar tussen bestuur en beheer onderskei moet word en elkeen op sy/haar terrein moet bly. Tog, gaan dit hier oor die werklikheid dat die beheerliggaam en die skoolhoof vanuit dieselfde oortuiging en vertrekpunt die kulturele mandaat wat hulle opgelê is, moet aanpak en uitvoer, tot eer van God. Ons het elkeen die oproep gekry om standvastig te bly in die waarheid – die standhoudende waarheid (2 Tessalonisense 2). So dikwels het ek uit eie ervaring teen die agtergrond van die eietydse openbare onderwyssisteem met sy sterk klem op akkommodering en verdraagsaamheid besef dat die konflik tussen 'n skoolhoof en die ander lede van die beheerliggaam juis ontstaan het op grond van die verskil in vertrekpunte en vooropgestelde idees en opinies (individueel en gesamentlik) wat nie met die kulturele mandaat rekening gehou het nie. Waarteen moet 'n beheerliggaam waak om nie van koers gebring te word nie (en ek reken dat die leierskap binne die openbare skool ook hierop ingestel moet wees, alhoewel daar faktore is waarmee rekening gehou moet word)? Ek deel graag enkele gedagtes:

- ***Geheime of verskuilde en persoonlike agendas.*** Daar is nie plek binne 'n omgewing en liggaam, wat deur Christus se liefde saamgebind is en waar Christus nagevolg word, om eie persoonlike voor- en afkeure of persoonlike belange te bevorder of te dryf nie. Elkeen is ondersteunend tot mekaar en vul mekaar op grond van die onderskeie of verskeie gawes aan, bemoedig mekaar en deel en dra met vrymoedigheid mekaar se laste met die wete dat Christus reeds die grootste las vir ons gedra het. Hierdie wete bring nederigheid, gehoorsaamheid en dankbaarheid met die uitroep dat ons niks het om op te roem nie. Ons roem alleen in Christus.
- ***Manipulasie.*** Die idee of tendens om te manipuleer en te oorheers en mense in rigtings te druk deur 'n houding van outokrasie/alleenheerser, is nie te vereenselwig met die kulturele mandaat en styl wat binne die Christelike skool geld nie. Elkeen het 'n verantwoordelikheid en plig om volgens Bybelse beginsels op te tree en te leef en gedrag te openbaar wat tot eer van God strek. Wat is tekens van manipulasie (wat sterk aansluit by 'geheime agendas')? Soms kan individue binne die beheerliggaam, maar ook van buite af op selfs 'n subtiele manier druk plaas om byvoorbeeld nuwe aanstellings te maak, of projekte te loods wat die skool of die persoon in die kollig plaas en in vergelyking met ander skole die skool laat goed en spoggerig lyk. Beheerliggame moet dus daarteen waak dat wêreldse norme en style nie bepalend begin raak en dikteer nie. Goed deurdagte projekte met die oog op die effektiewe funksionering van die skool waar saam (strategies) beplan word en waar ouers en ander lede van die gemeenskap betrek word op grond van spesifieke gawes is wel nodig om die kwaliteit van onderwys en in 'n omgewing wat bevorderlik is vir Christelike onderwys, te vestig en uit te bou. Die vraag is altyd hoe die ontwikkeling, vernuwing en opgradering God verheerlik? Anders gestel: Hoe gaan ons met die finansiële bronne (as gawes en leengoed uit God se hand) om, ten einde God se wil te laat geskied en

Vervolg op volgende bladsy

Hom te verheerlik? En hoe leer ons ons kinders om dankbaar vir ons middele en bronne teenoor die Here te wees en vir Hom te lewe?

- ***Ideologiese en filosofiese indringers.*** Ek het reeds verwys as voorbeeld na die invloed van die sinkretisme (dit is die vereniging of vermenging van verskillende geloofsinhoude, of van verskillende stelsels, of van verskillende lewens- en wêreldbeskouings, wat op botsende grondslae berus) op die moderne onderwys. Ek wil net beklemtoon dat sulke tendense soos die sinkretisme en sy invloed alleen deur die bril van die Christelike wêreld- en lewensbeskouing geëien en ontleed kan word. En dit geld vir alle ander tendense wat wil ondergrawe of verwar. Waar skole dan vrylik van kurrikula oor die spektrum van verskeie bronne en inisiatiewe (departementeel, privaat, aanlyn en so meer) gebruik maak, moet onthou word dat geen kurrikulum of leerprogram neutraal is of aangebied word nie. Daar sal noodwendig onderliggende lewensbeskoulike motiewe deursyfer wat inhoude rig en kleur, waarvan kennis geneem moet word. Waak teen die dringendheid en 'n tipe stoomroller houding met die 'advertensie'/propagering en motivering dat die spesifieke strategie wat voorgehou word 'n hoë standaard waarborg en dat 'n mens net nie die geleentheid kan laat verbygaan nie.
- In 'n Christelike skool behoort dit die beheerliggaam se standpunt te wees dat God se Woord die hoogste standaard en beginpunt (beginsels) is waarteen alles beoordeel moet word. 'n Kritiese denkingesteldheid is dus 'n voorvereiste. Hierdie kritiese ingesteldheid veronderstel en verwys na 'n antitetiese (teenstellende) denkhouding, waar byvoorbeeld die sinkretisme en ander tendense (soos byvoorbeeld die akkommodering van evolusie in die kurrikulum en die LGTBQ+-beweging) telkens by wyse van die reformatoriese denkhouding teenoor die Christelike grondmotief gestel word. So'n kritiese ingesteldheid is nodig om verandering, verbetering, regstelling en opbou deur middel van ons kulturele mandaat te bring. Die tipe onderwys wat die beheerliggaam in die skool struktureer is deel van hierdie opbou- en uitbouproses en om kinders omhoog te lei, na God toe. Daarom is kennis van God se Waarheid en verdere daaglikse groei daarin vir die beheerliggaam van 'n Christelike skool onontbeerlik.

Hoe behoort die beheerliggaam as verenigde liggaam/raad/direksie die kulturele mandaat meer aktief en dinamies uit te voer/leef, of watter geleenthede behoort die beheerliggaam doelbewus aan te gryp te midde van 'n afvallige kultuuromgewing wat deurlopend in konflik met die Christelike kultuurmandaat verkeer? Om mee weg te spring, dit gaan in alle opsigte oor kennis van die waarheid en hoe dit op elke faset van toepassing is. Die onderliggende vraag is deurentyd, wat is die waarheid? Wat is God se wil vir onder andere menslike hulpbronbestuur, vir die kurrikulum en die bestuur daarvan, vir sportbestuur, vir die totale skoolprogram/-kultuur dus, en hoe word die beeld van Christus sigbaar in elke faset? Hoe pas die beheerliggaam die beginsel dat ons in 'n herstelde beeld en verhouding met God staan en leef, prakties toe, en wel ten opsigte van:

Personeelaangeleenthede:

Wat is die motivering wanneer personeel en ook 'n skoolhoof benoem en aangestel moet word, of wat is die beginsels wat die siftingskriteria, die onderhoud self en uiteindelik die benoeming en aanstelling bepaal? Die belangrike beginsel wat oor die hele linie van skoolaktiwiteite geld, is die beginsel dat die mens wik maar God beskik. Die beheerliggaam behoort hierdie beginsel in al sy beplanning en aksies uit te leef of bewustelik daarmee rekening te hou. Sekerlik is die basiese vereiste met aanstellings dat die kandidaat 'n Christen moet wees – 'n Godsman/Godsvrou; iemand wat nie net sê hy/sy is 'n Christen nie, maar wie se hele lewe getuig van 'n belydenis en die aanvaarding van God as die hoogste gesag in sy/haar lewe, en wat die persoon se in- en uitgange bepaal. Die kandidaat moet verder getuig van sy/haar ingesteldheid om 'n lewenslange student van God se Woord te wil wees. En om waarlik met God se Woord besig te wees bring die besef na vore dat dit met nederigheid/ootmoed behoort te geskied – minder van myself en meer van God, juis omdat ek daagliks besef dat ek onbeholpe is, en God groot, goed en soewerein, en ek in my sondegevalle toestand volkome van Hom afhanklik is. Dit is só 'n ootmoedige houding wat eerder beïndruk, waar God as soewereine Skepper bely word. 'n Kandidaat wat met bravade en arrogansie en 'n houding van ongebondenheid as't ware luidkeels al sy/haar prestasies en uitsonderlike kwaliteite aankondig, en met 'n houding dat die skool nie kan bekostig om hom/haar nie aan te stel nie, getuig om die minste te sê van verwaandheid, verhewendheid en hoogmoedigheid.

Een van die basiese vereistes met betrekking tot die aanstelling van 'n skoolhoof/personeellid, is dat so 'n kandidaat ander mense/mede-personeellede moet opbou.

Vervolg op bl. 20

Vervolg van bl. 12: Mymeringe oor die lewe

Elkeen van hierdie idees en praktyke kan met vrug verder gekwalifiseer word, maar word bloot hier soos volg aan die orde gestel:

- Geloofsvryheid;
- Oppergesag van die reg en gelykheid voor die reg;
- Politieke vryheid (ordening van die samelewing om die balans tussen mag en reg te verseker);
- Uitdrukkingsvryheid (denke, literatuur, kunste, musiek ens);
- Reg (verpligting) om te werk en in die proses eie roeping te vervul;
- Vrye handel (ontwikkeling en lewering van produkte en dienste teen markverwante pryse terwyl kapitaal voortdurend gevorm word);
- Assosiasievryheid (vorming van verskeidenheid van verhoudinge en gemeenskappe);
- Kulturele vryheid (vrye deelname aan die ontwikkeling van idees en praktyke);
- Denk-, spraak- en opinievryheid;
- Reg op lewe, gesondheid en privaatheid;
- Bewegingsvryheid;
- Reg op privaateiendom; en
- Verpligting om selfverantwoordelikheid te aanvaar.

Sondeval

Die opstand van die mandaatnemer teen die mandaatgewer kulmineer in die Sondeval. Soos ons kennelik bewus is, word die uitvoering van die Kultuurmandaat radikaal en integraal deur die Sondeval beïnvloed.

Wanneer die Here vir Adam oor sy opstand konfronteer probeer hy die skuld verplaas na Eva. Terselfdertyd maak hy die Here die sondebok omdat Hy Eva vir Adam gegee het. Sodoende manifesteer die basis van alle ongeregtigheid – die leuen (blaamverplasing en sondeboksoekery) – vir die eerste keer.

In hulle sondedaad ontdek Adam en Eva hulle naaktheid (sonde) en probeer hulle hulsef met vyeblare bedek. Maar dan kom die Here met die heel eerste gebaar van kultuurontplooiing deur die vel van ’n bok te verskaf in plaas van vyeblare – ’n baie méér geskikte bedekking.

Diep insiggewend van hierdie gebaar is dat dit vorentoe wys na Jesus Christus wat met sy bloed die mens se sonde sal bedek.

Die Sondeval het nie die Kultuuropdrag opgehef nie maar wel ernstig bemoeilik. Dit het ook die dood gebring. Terselfdertyd het die Sondeval ook die intrede van Jesus Christus en sy dood aan die kruis genoodsaak. Slegs indien die mens sy sonde besef en die Verlossing in Jesus Christus soek, is daar hoop op die ewige lewe by Christus.

Hier sien ons die verband tussen die hart (wat in die tydelike werklikheid sowel as in die ewigheid funksioneer) en Christus wat die hart met al sy uitgange van nuuts af hergeboorte gee.

Die Antitese

Die lewe speel af binne die konteks van die antitese – die ewigdurende spanning tussen die stede van lig en donker wat binne die hart van die mens afspeel. Die lewe weerspieël ewigdurende keuses tussen goed en sleg; liefde en haat; waar en vals; reg en verkeerd; mooi en lelik; spaarsamig en spandabelrig; nuttig en waardeloos; gepas en onvanpas; opbouend en afbrekend; sinvol en sinloos; reformerend en rewolusionêr: konsekwent en inkonsekwent; logies en onlogies; ordelik en chaoties; eerbiedigend en minagtend; verantwoordelik en onverantwoordelik, ensomeer.

Slot

Die lewe is dus beskawingswerk – om ons roeping in vryheid en verantwoordelikheid tot God se eer en verheerliking uit te voer.

Dit is herskeppingswerk vanuit ’n Christus-herbore hart op alle lewensterreine. Dit is die verdere ontplooing van die skepping en die oorkoming van die effek van die Sondeval.

Uiteindelik is lewe verlossingswerk, nie net op persoonlike vlak nie, maar ook in gemeenskapsverband – werk moet alles herstel wat deur die sonde geskend is – persone, hulle sosiale strukture, praktyke en hulle denkstelsels.

Die lewe van ’n gelowige is wêreldvormend en nie wêreldontwykend nie. Lewe vind betekenis in Hom, deur Hom en tot Hom. Om gered te word, beteken nie net om van die sonde gered te word nie, maar ook om dit waartoe die mens gered word, te verreken.

Naskrif

Om die kringloop van ons lewensmymeringe te voltooi, kan gevra word hoe ons lewens dan getuig van ons uitvoering van die Kultuuropdrag. In watter mate het elkeen sy roeping gevind en uitgevoer? Was ons harte gerig op God? Wat was ons prestasie binne elke samelewingsverband en ons bydraes in die onderhouding en uitbouing van idees en praktyke om die Kultuuropdrag uit te voer?

Vervolg van bl. 18: Christelike onderwys

Dit gaan wesenlik oor die opbou van 'n persoon na die beeld van Christus. Dit gaan oor dienende leierskap. Eerder andersom: ware leierskap veronderstel 'n dienende karaktertrek en ingesteldheid. Dit gaan oor die dien van God en my naaste. Dit gaan daaroor om my naaste lief te hê soos myself. Mentorskap as karaktertrek of ingesteldheid van enige Christen-opvoeder is daarop gerig om die gawes wat God aan my mede-personeellid/-kollega uitgedeel het tot God se eer en tot uitbreiding van sy koninkryk uit te bou en aan te wend. Vir die skoolhoof beteken dit dat hy/sy weer die gawe behoort te hê/te gebruik om sy personeel so aan te wend dat hulle weer op hulle beurt die verbondskinders waaroor hulle aangestel is op te bou om as lewende stene in God se koninkryk die kultuurmandaat te beoefen. Op sy beurt behoort die beheerliggaam daarop te let dat die skoolhoof weer die nodige blootstelling kry om met vrymoedigheid as mentor en as (noem dit 'n) indiensopleidingsagent binne die skoolkonteks personeel en veral ook jong onervare personeel te lei in hulle verdere opleiding en ontwikkeling. Wanneer die skool in sy onderskeie afdelings en fasette gestruktureer word, beplan die skoolhoof sodanig en met die ondersteuning en samewerking van die beheerliggaam, bestuurspan, vakhoofde, graadhoofde en elkeen verbonde aan die instansie, dat die Godgegewe gawes en talente effektief aangewend word om uiteindelik elkeen van ons verbondskinders deur Christusgesentreerde onderrig vir God se koninkryk voor te berei en ook sout en lig in die wêreld te wees.

Die beheerliggaam as deel van die gemeenskap van gelowiges:

Ek reken dat wat reeds bo bespreek is, daarop dui dat die beheerliggaam nie in isolasie funksioneer nie. Die beheerliggaam behoort daarom saam met die kerk en as deel van 'n gemeente sy taak te beskou en aan te pak. Wel wetende dat die idee en praktyk van Christelike onderwys selfs nie in die kerk deur sommiges as haalbaar beskou en ondersteun word nie, het die kerk wel (al is dit net teoreties) 'n besliste gerigtheid op die beginsel van Christelike onderwys. In die gereformeerde gemeente waar ek self as ouderling dien, word die beginsel van Christelike onderwys ondersteun. Ek reken egter wel dat Christelike onderwys ook vanuit die gemeente beskou word as 'n faset wat wel tans in die gewone openbare/publieke skole steeds tot sy reg kom, en nie soseer dit beskou vanuit die privaat Christelike skool nie. Sekerlik is daar opvoeders in die openbare skool wat hulle persoonlike belydenis en Christenskap in die skool en in die klas veral uitleef en die kultuur beïnvloed.

Ons moet die Here daarvoor dank dat daar opvoeders is (ongeag waar hulle hulle bevind) wat die kultuurmandaat/-opdrag met die nodige erns bejeën as mense in die wêreld, maar nie van die wêreld nie. Tog wil ek verder kyk en beheerliggame aanmoedig om deurentyd op grond van 'n plaaslike en wêreldwye geroepenheid na mekaar en na ander instansies wat dieselfde visie vir onderwys deel, uit te reik en kontak te maak. Hieroor kan ons en die beheerliggaam veral dan nie stilbly nie en moet ons die vrymoedigheid daadwerklik neem, veral omdat die Here vir ons dit tegnologies moontlik maak om met ander gelowiges wêreldwyd te skakel en van mekaar te leer. Daar is instansies in Suid-Afrika wat reeds kosbare werk ten opsigte van Christelike onderwys verrig, veral dan ook wat die opleiding van onderwysers betref. Die beheerliggaam behoort hierdie tipe instansies op te soek en kragte saam te snoer. Verder behoort die beheerliggaam geleenthede raak te sien waar nuwe ontwikkelinge of verwikkelinge in die samelewing daartoe lei dat 'n gaping ontstaan en wat toetrede noodsaaklik maak. Kom ek gee 'n voorbeeld van so 'n geleentheid:

Die Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika (GKSA) het onlangs sy sinodesitting gehad. Een van die aspekte wat hanteer is en waaroor besluit moes word, was die verhouding en verbintenis tussen die universiteit en die teologiese skool. Uiteindelik is besluit dat die bestaande ooreenkoms met die NWU oor 3 jaar tot 'n einde sal kom en dat daar dan alternatiewe wyse van opleiding in plek moet wees. Vir hierdie doel het die GKSA besluit om 'n privaat hoër-onderwys instelling op te rig en volgens wetgewing te registreer waar studente in die toekoms geakkrediteerde teologiese opleiding kan ontvang. Die beoogde naam van hierdie instelling is *Die Gereformeerde Teologiese Akademi*e. Wat my betref, is dit 'n voorbeeld van die gehoorsaamheid aan God om die Christelike kultuurmandaat in stand te hou. Dit wys ook op gehoorsaamheid om nie aan die wêreld gelykvormig te word en

Vervolg op bl. 21

Vervolg van bl. 9: Bedreiging teen die fisiese en geestelike welstand van ons kinders/jongmense

7. Slotgedagte

Dit alles gesê, moet ons die noodwendigheid aanvaar dat ons ons in 'n krisissituasie bevind, wat ook die opvoeding en onderwys van ons kinders en jongmense direk raak. Dit vereis dringende en gepaste optredes in die omstandighede. Die voortbestaan van ons volk is in die gedrang en daar kan nie langer getalm word om tot die neem van die regte besluite en optredes te kom nie. Dit is nie slegs ter bestendiging van ons volksbestaan dat daar in belang van die jeug van ons volk opgetree sal word nie, maar ook ter wille van die (her)vestiging van die Christelike beskawing in Suid-Afrika, sodat ons 'n samelewing tot stand mag bring waarin tot eer van God gelewe en gewerk sal word. Ons glo dat dit op grond van die Bybelse opdrag en roeping is wat ons hier te vervul het dat God hier aan ons lewensruimte wil vergun, as dit Hom behaag.

Vervolg van bl. 20: Christelike onderwys

aan sisteme wat nie bevorderlik is vir Skrifgetrouheid nie, maar om getrou te bly aan God en die beginsels in sy Woord. Die vraag vanuit die Christelike skool deur die beheerliggaam is hoe so 'n nuwe Akademie van waarde vir die Christelike skool kan wees? Is daar raakvlakke? Is daar plek vir 'n opleidingsbeen wat bekend kan staan as byvoorbeeld "Die Gereformeerde Skool Akademie" (of watter naam ook al)? Laasgenoemde gedagte is 'n klippie in die bos, maar ek reken daar moet werklik ernstig saam besin word oor die profiel wat Christelike onderwys tans het en hoe dit verder uitgebou kan word. Al hierdie vrae is 'n soeke na hoe ons verder as herstelde mense deur Christus se soenverdienste die kultuur kan beïnvloed om meer en meer God se wil te gehoorsaam. Die beheerliggaam het sekerlik 'n verantwoordelikheid om in terme van nuwe verwikkelinge op byvoorbeeld teologiese gebied verskeie rolspelers te konfronteer met waarheen nou (quo vadis) en wat volgende? Of, hoe kan ons as beheerliggaam verdere geleenthede deur die middele wat God skenk en wat die mens deur byvoorbeeld tegnologiese ontwikkeling ontdek, benut om onder andere die onderrig- en leeromgewing so in te rig dat die kultuuropdrag/-mandaat tot sy reg kom?

(Word vervolg)

Doel van die VCHO

Die bevordering van Christelike opvoeding, onderwys en wetenskap.

Missie van die VCHO

Om, deur die bevordering van Christelike opvoeding, onderwys en wetenskap, toegespits op ons eie volk, persone en instellings te lei om op alle terreine tot eer van God te lewe en te werk.

Die Hoofbestuur van die VCHO verklaar hiermee dat die standpunte van outeurs in Roeping en Riglyne nie noodwendig die amptelike standpunt van die VCHO is nie.

KERNREDAKSIE: Prof A.W.G. Raath en Prof D.F.M. Strauss.

HOOFBESTUUR:
Prof A.W.G. Raath (Bloemfontein, Voorsitter), Prof J.A.E. Adendorff (Pretoria), Prof E.J. van Niekerk (Pretoria), Prof I.H. Horn (Pretoria), Prof H.G. Stoker (Potchefstroom), Dr J.A. Schlebusch (Lichtenburg), en mnre P. Bisschoff (Orania) en F. van Deventer (Pretoria).

Uitvoerende Beampte: Mnr H.J. Hayes

Die Uitvoerende Beampte
Posbus 1824
Van Schalkwykstraat 21, Universitas
Bloemfontein, 9300/9301

Tel. (051) 525 2267 of (051) 525 2341
Faks (051) 522 4513
E-pos: hugo@vcho.co.za
Tuisblad: http://www.vcho.co.za